Tritech
Private Bag X4003
TZANEEN
0850
✉Tritech_sa@googlegroups.com
www.tritech.org.za

Geagte Borg

TRITECH WETENSKAP & TEGNOLOGIE UITSTALLING – 2019 FINAAL

Tritech is reeds 'n gevestigde kompetisie wat leerders van Graad 7 tot Graad 12 die geleentheid bied om hul navorsingsvaardighede ten toon te stel. Die skool- en streeksrondes is reeds onderweg en daar word weereens 'n aantal fassinerende projekte verwag. Tydens die nasionale eindronde op 6 September 2019 sal daar ongeveer driehonderd leerders in Tzaneen saamtrek om met hul innoverende projekte mee te ding in die onderskeie kategorieë.

Ons neem hiermee die vrymoediheid om u te nader om 'n skenking vir vanjaar seTritech Nasionale kompetisie. As 'n geregistreerde ... organisasie (PBO nr: 9300 603 29) kan u as borg 'n seksie 18A sertifikaat van Tritech ontvang om sodoende 'n gedeelte van u skenking van u belasbare inkomste af te trek.

Voltooi asb die meegaande borgvorm sodat ons u sertifikaat vir aftrekbare belasting kan uitreik.

Borgskappe word in die volgende kategorieë ingedeel:

a) **Diamantborg – R40 000 – R50 000**
Hierdie borge mag by die nasionale ronde adverteer, promosiemateriaal versprei en kry ook 'n dubbelblad advertensie in die program.

b) **Platinumborg** – R30 000 – R39 999
Hierdie borge mag by die nasioanle ronde adverteer met promosiemateriaal en kry 'n volblad advertensie in die program.

c) **Goue borg** – R20 000 – R29 999
Mag by die nasionale ronde met 'n maksimum van 2 baniere adverteer en ontvang 'n halfbladadvertensie in die program.

d) **Silwer borg** – R10 000 R19 999
Mag met 1 banier by die nasionale ronde adverteer en kry 'n kwartblad advertensie in die program.

e) **Brons borg** – R5 000 – R9 999
Die maatskappy se logo word op die borgebladsy in die program gedruk.

f) **Blou borg** – Promosiemateriaal of minder as R5 000
Die maatskappy se logo word ook op die borgebladsy in die program gedruk.

U ruim ondersteuning word van harte waardeer. Die bevordering van wetenskap en tegnologie is krities belangrik vir die onderrig van ons leerders en die toekoms van ons industrieë. U kan ook as 'n borg 'n spesiale prys skenk aan 'n projek van u keuse wat u industrie die beste verteenwoordig. Projekte is oop vir openbare besigtiging tussen 17:00 en 18:00 op Vrydag 6 September 2019.

Executive Committee:
F le Roux (Chairperson), A Venter, E Warmenhoven, H Hugo, H Omar, G. van Staden, C Schoeman, M Boshoff, B van Coller

Tritech
Private Bag X4003
TZANEEN
0850
✉Tritech_sa@googlegroups.com
www.tritech.org.za

Bydraes vir Tritech kan betaal word aan:

TRITECH SA
FNB
Tzaneen
TAKKODE: 260 349
Rekeningnommer 624 708 20913
U ondersteuning word opreg waardeer.

Tritech-groete.

FRANSIE LE ROUX
(Tritech SA Voorsitter)

Executive Committee:
F le Roux (Chairperson), A Venter, E Warmenhoven, H Hugo, H Omar, G. van Staden, C Schoeman, M Boshoff, B van Coller